


DIE SWART LUIPERD
No. 40
Goud en Asegaaie
braam le roux

Die delwer wil net buk om die naaste rewolwer op te tel toe hy die gedreun en gesnork hoor. Hy kyk om en sien die massiewe horingdraer aangestorm kom. Hy smyt die lamp dat dit daar trek en swenk in die teenoorgestelde rigting weg.

Die renoster storm pylreguit, trap die lamp aan stukke en net toe sy wil vassteek om om te vlieg en die vreemde vyand by te dam, kry sy die reuk van Pat, Lumu en die Luiperdman hier kort by haar en met redelose woede storm sy, kop omlaag vorentoe.

Lumu wat net die jagmes omhoog lig om Pat eens en vir altyd uit die wêreld te help, hoor skielik die woeste gedreun van aanstormende renosterpote, kyk half oor haar skouer en die volgende oomblik spring sy soos 'n veer orent. Kans vir wegswenk is daar nie, dus raap sy haar op en spring reg in die lug op.

Stofomslag: Chris du Plooy



# INHOUD

**Hoofstuk** **Bladsy**

1. Hut van die Dood ........................................ 3
2. Die Moordenaarsbende ........................................18
3. Vuishoue Dreun ........................................30
4. Die Vloedwaters Kom! ........................................40
5. „Jy Of Ek.” ........................................52
6. Tromme in die Nag ........................................60
7. Die Flitsende Mes ........................................72
8. Henri se Beproewing ........................................81



## HUT VAN DIE DOOD

Met een veerkragtige sprong beland die Swart Luiperd op die sagte mostapyt langs die stam van die ou woudreus. Hy glimlag agter sy masker terwyl hy na die oulik gecamoufleerde hut hier tussen die ruie klimopranke kyk. Die pale waarvan die groot ruim hut gemaak is, is oordek van die slingerplante met eksotiese veelkleurige tropiese blomme wat plek-plek die dak van palmtakke bedek. Voëls, veral loeries, beweeg lui-lui in veelkleurige drag tussen die struikgewasse deur. Regs van hom sien die Swart Luiperd tussen die mosbelaaide boomtakke deur die blink waters van die Bunyonyimeer, onder in die suidwestelike hoek van Uganda en feitlik teenaan die grens van die Belgiese Kongo.

Ou Hendrik van der Velt, dink die Luiperdman, is nie alleen ’n ou baasjagter nie, maar het ’n oog vir skoonheid, soos jy nie aldag by hierdie stoere ou baanbrekers van Afrika aantref nie. Hy hoop maar net sy ou vriend is tuis en dwaal nie weer in die bamboeswoude van die Karisimbiberge agter gorillas aan nie.

Ou Hendrik was eintlik ’n boesemvriend van die Luiperdman se vader, maar toe hy jare gelede hul plaas in Transvaal besoek het, het ou Hendrik sommer van die jong knapie Leon Fouché gehou en die twee het daar op die plek vriende geword—’n vriendskap wat met die loop van jare steeds sterker geword het. Dis nou verskeie jare laas dat die Swart Luiperd sy ou vriend hier in die hartjie van Afrika besoek het want van hier bo, benoorde die Kivumeer, tot doer in Transvaal waar die boer Leon Fouché woon, is ’n stywe trek, en ’n man kuier nie vir die pret in hierdie ongerepte woeste oerwoud nie, al het jy dit ook hoe lief.

Maar die Luiperdman is hier op ernstige sake en hy hoop om by ou Hendrik heelwat nuusbrokkies in te samel rakende die beweerde vloedgolf van moord en doodslag wat opgestu het saam met die ontdekking van beweerde ryk goudafsettings in hierdie uithoek van Uganda. Sake het so ’n kritieke stadium bereik dat die Britse regering Leon Fouché genader het as die geskikste man om te kom kyk wat aangaan. Die Belgiese regering het al ’n nota of twee aan Londen gestuur rakende die voorvalle. Van Belgiese kant is aangevoer dat die moeilikheid deur ’n bende of bendes Engelse avonturiers veroorsaak word.

Londen, weer, het die skuld aan die deur van die Belge gelê. As die geweldenaars, boewe en rowers net mekaar lastig geval het, was dit van weinig belang, maar daar heers groot onrus, so nie opstandigheid nie, onder die omliggende inboorlingstamme vanweë die verregaande en, na

beweer word, uiters onmenslike optrede van die goudsoekers. Uit vrees dat as sake versleg, die inboorlingstamme kan saamspan en nie alleen al wat blank is, uitmoor nie, maar dit ook vir die witman onmoontlik kan maak om die kosbare goud by te kom, moet iets gedoen word. Daarom is die baas-oerwoudkenner, Leon Fouché, wat al voorheen ekspedisies oral in Afrika aangevoer het, genader en-hier is hy.

Geluidloos soos 'n skaduwee beweeg die Swart Luiperd voor om die hut om te kyk of die deur oop of toe is. Toe hy die voorkant in gesig kry, steek hy 'n oomblik in sy spore vas asof hy skielik op 'n slang afgekom het. Die volgende oomblik wip hy met twee hale tot teenaan die hut en spits sy ore, terwyl sy oë na alle kante toe flits op loer na enige verdagte beweging.

'n Goeie vyf minute bly hy so roerloos asof aan die aarde vasgenael staan. Toe beweeg hy op sy tone om na die oopstaande deur toe, sy hand op die jagmes aan sy sy.

Soos hy al kon aflei van die verskeurde beddegoed en ander rommel wat oral voor en in die deur gesaai lê, het hier iets onheilspellends plaasgevind. Hy wip die halfskemer hut binne.

Wat hy sien, laat die Luiperdman agter sy masker op sy tande kners. Hendrik van der Velt se aardse besittings lê verstrooi oor die harde miershoopvloer van die hut; blikke en trommels is uitgeskud en omgekeer, party selfs platgeslaan of getrap, die swaar ou houtkatel is uitmekaar geslaan, die matras aan repe gesny en die klapperhaar in bondels uitgeskud op die vloer. Dit lyk asof al wat gorilla is uit die berge in die Weste op arme ou Hendrik se tuiste toegesak het, maar, en die Swart Luiperd se staalblou oë trek op skrefies, gorillas gebruik nie messe nie en dra nog minder stewels, waarvan hy etlike spore op die stofbelaaide grondvloer kan sien.

Waar sou arme Hendrik wees? Daar is geen teken van of die jagter of sy lyk in die hut nie.

'n Sleepmerk na die deur se kant toe, trek egter dadelik die geskokte besoeker se aandag. Die spoor loop egter buite op die dik mosbedekte aarde dood. Te oordeel aan die tekens, skat die Luiperdman dat Hendrik se besoekers al 'n dag of twee, drie gelede daar was, want die groen mos staan vars en lewendig en verraai geen tekens van spore of sleepsel nie.

Die Swart Luiperd begin in 'n sirkel al om die hut beweeg, sy oë na die grond gerig, sy ore wawyd oop. Skuins agter die hut, steek hy by 'n ou groot, verweerde bliktrommel vas. Die deksel is half afgeruk en die inhoud skoonveld. Wat sou dit beteken? Meteens val dit die Luiperdman by dat ou Hendrik hom eenkeer vertel het dat hy heelwat goudstof bymekaar gemaak het in sy omswerwinge, goudstof en ook ongeslypte diamante sowel as inboorling-kunswerk in goud en ivoor wat in die beskawing fortuine werd sou wees. Sou rowers op die plek toegesak het? Dit wil vir





hom so voorkom.

Hy beweeg voort en dis toe hy amper onder 'n boom, toegekoek van die parasitiese klimoppe, kom, dat hy skielik vinnig opkyk. Vlakvoor hom teen die dik boomstam hang wat oor is van wyle Hendrik van der Velt. Wilde diere en insekte speel gou in die oerwoud met aas van enige soort en as die Luiperdman nie die swaar plat koperarmband aan die stuk regterarm herken nie, sou hy beswaarlik seker kon wees dat dit Hendrik se reste is wat hy sien. Aan die wyse waarop Hendrik se twee hande teen die stam vassit, is dit duidelik dat die arme man deur sy moordenaars gekruisig is. Onder, laag aan die stam, vind hy 'n sesduimspyker ingeslaan. Daaraan hang nog klein stukkies voetbeentjies.

„Oom Hendrik," sis die Luiperdman met geslote oë agter sy masker terwyl die sweet op sy gesig uitslaan, „jou moordenaars sal ek opspoor en jou dood sal ek wreek."

Hy maak sy oë oop, draai om en stap na die hut. Hy trek die deur van buite af toe, tel 'n stuk tou op en draai die deur stewig aan die haak in die kosyn vas.

Stadig stap hy na die boom waaruit hy kort gelede verskyn het. Sou roof die enigste motief wees? wonder hy. Hy skud sy kop. Die moordenaars moes agter iets anders ook gewees het om 'n man so gruwelik te laat sterf.

Hy besluit om na ou kaptein Hlabana se stat, sowat sewe kilometer daarvandaan aan die anderkant van die Bunyonyimeer, te gaan in 'n poging om 'n aanduiding van die spoor daar te vind. Hlabana is bekend as 'n wrede maar regverdige inboorling wat agter die skerms oorheers en gelei word deur sy „dogter" Lumu, wat na vertel word, as baba van 'n wit slavin in die stat gebore is. Sy is glo so wreed as kan kom en so listig soos die spreekwoordelike slang. Aan haar word allerlei magiese kragte toegeskryf deur Hlabana se volk en dit kan beswaarlik anders want 'n mens, veral 'n vrou, wat 'n gorilla as persoonlike wag aanhou en die giftigste skerpioene op en oor haar laat klouter, hulle selfs in haar mond steek, moet 'n besondere gunsteling van die voorvaderlike geeste wees. Die Swart Luiperd het ou Hlabana wel destyds ontmoet, maar die geheimsinnige Lumu nie. Sy was toe in die oerwoud, saam met ander jong vroue om sekere ontgroeningsplegtighede deur te maak. Die gorilla het glo daarna op die toneel verskyn. Daar is vertel dat Lumu die gorilla as kleintjie van een of ander dapper aanbidder ontvang het en dat sy die dier met haar eie melk gevoed het. Terwyl hy die oerwoud ken, is die Luiperdman nie geneig om die storie sonder meer as onsin te verwerp nie.

Ou Hendrik was eintlik onder meer die nie-amptelike jagter van Hlabana en sy volk, veral wanneer roofdiere te veel skade aangerig het en te slim was vir die primitiewe jagters. Die Swart Luiperd glo dus nie vir een

oomblik dat Hendrik deur inboorlinge gedood is nie, afgesien daarvan dat die wyse waarop hy gedood is, nie volgens die gebruik van die inboorlinge is nie.

Hy gryp die liana waarmee hy grond gevat het en swaai tussen die takke in. Skaars is hy egter uit die gesig agter die digte lower, of hy hoor inboorlingstemme en steek op die tak vas om te luister.

Die stemme kom uit die rigting van die meer en al gou gewaar hy dat hulle, te oordeel aan die lawaai en deurmekaar gebabbel, erg opgewonde is. Daar hulle skynbaar reguit in sy rigting kom, bly die Swart Luiperd roerloos op sy tak staan en beloer die wêreld tussen die lower deur.

Toe die voorste inboorlinge hier duskant Hendrik se hut uit die bosse tevoorskyn kom, herken die stille wagter kaptein Hlabana dadelik aan sy halsversiering—'n string ingerygde krokodiltande.

Uitgedos in niks meer as die string krale en 'n haas onsigbare stukkie leeuvel om sy lende nie, speel die spiere op sy liggaam soos hy die swaar assegaai in die een hand en die skildvel in die ander deur die lug swaai, 'n voorbeeld wat die krygers om hom met ywer volg.

Agter hulle verskyn twee swart krygsmanne wat 'n blanke aan elke arm beet het. Die blanke stap gedwee tussen die twee want twee ander inboorlinge wat agter hom loop, druk skerp assegaaipunte styf teen sy rugstring terwyl 'n derde die punt van 'n tou vashou, waarvan die glylus liggies om die witman se nek op sy breë skouers rus.

Toe hulle die hut in gesig kry, wil die gevangene terugrem maar die assegaaie in sy rug laat hom vinnig van mening verander en hy stryk aan, wit soos 'n lyk in die gesig, sy voorkop blink van die sweet.

,,Wys ons,'' sê Hlabana wat vassteek en hom na die gevangene wend terwyl die inboorlinge 'n kring om hom vorm, ,,waar jy die Groot Olifant, Gryse Vader en Beskermer van my stam, gedood het, witman!''

,,Maar ek sê jou mos,'' antwoord hy in dieselfde taal, ,,dat ek nie die ou man gedood het nie, maar my vriende. Ek was maar net by hulle en ek het nie eens geweet. . .''

,,Die jakkals wat die skaap opvreet wat sy maat vang, is ewe skuldig,'' dreun Hlabana se stem tussenin en sy klein ogies trek styf weerskante van sy plat neus deur die punt waarvan 'n spierwit doring pryk.

,,Dis hulle,'' brom die ander een, ,,wat ons vroue molesteer en ons mense wat vir hulle werk, doodslaan of laat verdwyn.''

Hierdie opmerking laat 'n woeste dreuning ontstaan soos almal gelyk hul byval met die woorde betuig.

,,Kom, wys ons,'' sê Hlabana weer en toe die witman nog aarsel, steek een van die assegaaidraers hom so hard in die rugstring dat hy met 'n gesmoorde pynkreet vorentoe spring, so vinnig dat die lus om sy nek





skielik half toegly en hy benoud uitkreet: ,,Ek wurg dood.''

Die inboorlinge gryns van oor tot oor en geeneen skyn juis oor die man se benoudheid bekommerd te wees nie.

Toe die agterste swartes om die hut verdwyn, skiet die Swart Luiperd grond toe en beweeg op hul hakke agterna.

Hul aandag is so toegespits op hul gevangene dat geeneen daaraan dink om om te kyk nie en die Luiperdman beweeg dus tot kort agter hulle en gaan half agter 'n klimop langs die hut staan van waar hy die toneel hier vlakby hom kan dophou.

Toe die gevangene met 'n skor ,daar hang hy' na die boom knik en die inboorlinge die grieselrige oorskot van wyle Hendrik van der Velt aanskou, heers daar vir 'n oomblik 'n onaardse stilte terwyl almal na hul kaptein kyk.

Skielik skiet Hlabana se arm uit en terwyl hy na die boomstam wys, sê hy saaklik: ,,Maak hom vas met sy rug teen die boom, my kinders.''

In 'n kits is die tou van sy nek af en word hy deeglik aan die stam vasgewoel. Toe die tou bietjie kort vir die doel lyk, dam 'n paar die naaste lianas by en in 'n oogwenk is die gevangene so vas aan die stam gekoppel dat hy net sy kop effens kan roer.

,,Witman,'' en Hlabana kom voor hom staan, assegaai opgehef, ,,die assegaaie van my dapperes gaan jou wit vel rooi kleur, maar moenie bang wees nie,'' spot hy grynsend, ,,ons sal jou nie so gou doodmaak nie. As elke man sy assegaai in jou vleis gedruk het, sal ek weer praat.'' Sonder enige verdere versuim steek Hlabana sy assegaai met mening in die blanke se arm en stap na links. Die tweede een kom en prik hom net onderkant Hlabana se steekplek en so gaan dit op die ry af totdat die laaste krygsman sy assegaai in die man se vleis gedruk het. Nie een steek is dodelik nie, hoewel die blanke teen hierdie tyd rooi van die bloed is.

Hy uiter nie 'n enkele kreun of geluid nie, maar net sy oë toon in watter ontsettende vrees hy verkeer.

,,Maak daardie groot mond oop en hou hom oop,'' gelas Hlabana kras toe hy weer voor sy slagoffer plek inneem.

Die blanke byt op sy tande, maar dis tevergeefs. Die inboorling wie se vinger hier agter weerskante van sy kakebene druk, forseer sy mond oop, terwyl 'n tweede soos blits 'n stukkie hout regop tussen sy kake staan, sy mond tot sy uiterste oopspalk.

,,Witman,'' sê Hlabana, ,,nou gaan die miere daardie tong van jou opvreet. Daarna gesels ek weer.'' Hy knik vir 'n krygsman en soos in 'n goed vooraf ingestudeerde spel, verdwyn die inboorling. Hy is in 'n kits met 'n dubbele hand vol gom wat hy van die gevangene se mond af smeer, reg op sy bors af, al met sy een been langs en dan 'n entjie op die grond

langs tot by 'n miershoop.

,,As ek die miershoop oopstamp,'' sê Hlabana terwyl die res skreeu en tekere gaan van opgewondenheid, ,,sal die miere al met die gom langs tot in jou mond kom. As jy nie verstik nie, moordenaar van die Groot Olifant, gaan ons jou halfgaar braai en dan eers bietjie laat rus,'' en Hlabana skaterlag wreed terwyl hy na die miershoop stap om dit oop te stamp met sy assegaai.

,,Hlabana ek groet jou!'' Die Luiperdman weet dat as die miere eers op die ongelukkige slagoffer toesak, daar min hoop op redding sal wees, en hy spring agter sy skuilplek uit.

Soos een man vlieg al wat inboorling is om en staar verwese van skrik na die skielike verskyning van die gevreesde Bosgod in hul midde. Die man aan die boomstam is lamgeslaan en is nie seker of hy besig is om van sy verstand af te raak nie. Om 'n gedaante met 'n groot luiperdkop en gitswart onderlyf op twee bene tussen die skaduwees te voorskyn te sien kom, 'n gedaante wat Hlabana se taal praat, gaan sy benewelde verstand te bowe.

,,Heerser van die Oerwoud, Groot Gees van die Nag, Arend van die Berge, Hlabana groet jou.'' Die kaptein buig eerbiedig neer terwyl sy krygsmanne met 'n gedempte ,,Auk!'' op hul aangesigte neerval.

,,Staan op, Hlabana, vriend van die Swart Luiperd, en julle, sy kinders,'' gelas die Luiperdman.

Toe almal op hul voete staan, vra die Swart Luiperd: ,,Hlabana, wat het daardie witvel gedoen dat julle hom wil doodmaak? Ek weet,'' vervolg hy vinnig, ,,dat sy maats my vriend, die Groot Olifant gedood het en sy dood roep om wraak by al die geeste van die voorvaders, maar ek weet ook,'' improviseer die Swart Luiperd, ,,dat hierdie man soos 'n das in die kloue van die roofvoël is. Sy tong was stom want hy, soos ook die bok en die leeu, het sy lewe lief. Jy sê, Hlabana, dat die jakkals wat vreet net so skuldig is as die een wat doodgemaak het. Dis wyse woorde, ja, maar hierdie mak jakkals maak soos sy sterker maat doen. Hy moet, of hy word uitgedryf.''

,,Hy het saam met sy maats gejag, Wyse Gees van die Woud. Hulle het die Gryse Vader van die Jagters, vriend van Hlabana, gedood. Hulle is moordenaars en honde,'' kreet Hlabana dit uit. ,,Hul monde praat valse woorde, hul vuurstokke moor my kinders. Hul wit kloue vat my mielies en as ek praat, dreig hulle om my dood te slaan. Hulle grawe goud op my grond, hulle bevuil die waters sodat die wouddiere wegtrek, en my jagters vergaan van honger. Magtige Heerser van Veld en Woud. Hierdie een moet sterf!''

,,Ja, hy moet sterf,'' dreun dit in 'n koor van die res.

hierdie teëstand het die Swart Luiperd verwag. Van wat hy so pas





gehoor het, wonder hy selfs of Hlabana nie heeltemal reg handel nie, maar as blanke kan hy nie toelaat dat hierdie man voor sy oë gemartel word nie. Buitendien hy het die man nodig en wil van hom gebruik maak vir sy eie planne. Hy wil ook bo alle twyfel vasstel wie ou Hendrik werklik gedood het, wie die diaboliese plan bedink het.

,,Waar het julle hom gekry?'' vra hy om tyd te wen en die opgesweepte inboorlinge kans te gee om effens af te koel.

,,Een van my krygers het hier gekom net toe hulle klaar met hul vuil werk was, en hy het soos die vlakhaas na die stad gehardloop om my die nuus te bring. Ek het my volk opgeroep en ons is die woud in om hulle aan te val, maar hulle was te perd en ons kon hulle nie inhaal voordat hulle by hul makkers gekom het nie. Die een se perd het egter geval en sy been gebreek. Hy self het hom bedwelm geval en ons het hom opgetel, en weggedra voordat die ander nog agtergekom het dat hy nie meer agter hulle aanry nie.''

,,Jou krygsman se oë het dus nie gesien dat hierdie man ons vriend die Groot Olifant, gedood het nie?''

,,Nee, maar hy was een van hulle en hy moet sterf, soos al die ander nog gaan sterf. Ek het boodskappers na al die ander kapteins gestuur. As die maan vol is, sal hulle hier wees en dan sal ons ons land skoonmaak van hierdie wilde honde, Hlabana het gepraat.''

Moord en doodslag dus, dink die Swart Luiperd. Kan hy die stroom nog keer? As hy nou faal om hierdie man te red, kan hy maar omdraai en sy sending los.

,,Hlabana, luister na my, wyse raadgewer en vader van 'n dapper volk,'' loof die Luiperdman. ,,Ek kom van ver, daar waar die son in die môre opstaan. Hoekom het ek gekom? Omdat ek die geweeklaag van my kinders, jou kinders, gehoor het. My hart het vir my gesê: ,Jy moet na Hlabana gaan en jou oor teen sy bors lê en hoor wat hy te sê het. Dan moet jy regmaak wat verkeerd is. Jy moet straf waar gestraf moet word.' As jy hierdie man nou doodmaak, sal sy vriende kom en jou en jou stam uitroei lank voordat die ander kapteins met volmaan hier kan wees en van watter nut is 'n dapper maar 'n dooie kaptein vir sy kinders? Die wyse olifantbul retireer as die oormag te sterk is want hy weet hoe ver sy krag gaan— daarom is hy wys en verstandig en 'n leier onder die grotes. Ek het vir jou, Hlabana, en jou kinders as my vriende gekies omdat ek weet julle is verstandig. Maar 'n assegaai is nie bestand teen 'n vuurstok nie. Ek het gekom, want ek ken daardie draers van vuurstokke. Ek weet hoe hulle veg. Ek weet hoe hulle koppe werk. Laat hulle aan my oor, Hlabana en voordat die volmaan nog hier is, sal hierdie moordenaars se bene in die son lê en wit word soos die wolwe s'n. 'n Klein vuurtjie kan 'n magtige woud verteer.

Slaan die vuurtjie dood en jy red die woud. Ek het gepraat Hlabana, vriend."

,,My ore het gehoor en die woorde slaan in my hart in, Beskermer van die Woude, maar wat moet ons met die man maak?"

,,Ja wat?" waag 'n paar van sy onderdane dit agterna, hoewel die res ietwat skrikkerig staan en rondtrap.

,,Gee hom vir my," sê die Swart Luiperd saaklik. ,,Ek het hom nodig. Jy sal ons sien net nadat julle by jul stat terug is. Daar, Hlabana moet jy hom bewaar vir my, want deur hom gaan ek die bose geeste verdryf wat jou en jou kinders en jou vriende in die land so teister, wyse Hlabana."

'n Gemompel klink oral op en Hlabana bly diep in gedagte staan terwyl die gevangene se oë groot en beangs op die Swart Luiperd gerig bly.

Die Swart Luiperd frons agter sy masker. Hy wonder hoekom Hlabana kort-kort ongemerk en onderlangs in die rigting van die woud blik waaruit hulle kort gelede met hul gevangene verskyn het. Hy kry die indruk dat die kaptein, soos hy daar staan, sterk op twee gedagtes hink en hy wonder waarom. Onder hierdie omstandighede sal die gewone kaptein onmiddellik 'n uitspraak gee, een of ander kant toe, want om die indruk te laat dat hy weifel kan lig deur sy volgelinge as 'n teken van swakheid beskou word.

,,Hlabana dit betaam jou nie om jou vriend te laat wag op 'n antwoord nie," merk die Swart Luiperd duidelik ongeduldig op. ,,Dis net 'n vrou wat aan twee gedagtes tegelyk bly hang," voeg hy ietwat smalend daaraan toe. ,,As ek . . ." maar hy los sy sin toe 'n jong meisie, blas van vel maar met die mees welgeskape liggaam wat hy nog in die oerwoud raakgeloop het, hier tussen die bosse uitstap met 'n grasie en 'n soepelheid wat enige luiperd eer sou aangedoen het. Haar hare is lank en golwend, en haar gelaatstrekke besonder fyn en skerp. Haar neus is effens gekrom en haar oë skerp en deurdringend. Die wyse waarop sy uit die hoogte, met haar nek effens skeef gedraai, die toneel gadeslaan, laat die Luiperdman onwillekeurig aan 'n koningin dink.

Hlabana se hele gelaat verlig toe hy haar sien, terwyl die volk hul assegaaie vaster vat. Dadelik flits dit deur die Luiperdman se kop: ,,Lumu, die beeldskone, die beeldskone ,,dogter" van Hlabana; Lumu, die listige, die wrede.

Agter haar roer die takke skielik en 'n jong gorilla kom uit die kreupelhout tevoorskyn en steek in sy spore vas toe hy die skare voor hom gewaar, sy oë egter op Lumu gerig, kompleet soos 'n hond wat wil seker maak dat sy meesteres nie in gevaar verkeer nie.

Toe Lumu die Swart Luiperd sien, steek sy vas en bring haar hand impulsief na haar mond toe, klaarblyklik skoon verstom.

,,Wie is dit?" Sy kyk verbaas na Hlabana terwyl sy na die Swart Luiperd wys.

,,Dis die magtige Woudgees, Lumu, en my vriend. Dis die Swart Luiperd van wie ek jou al vertel het. Hy. . ."

,,Hoekom gaan julle nie voort met die witman nie?" val sy die kaptein onbeskof in die rede. ,,Of," en sy kyk vinnig na die Swart Luiperd, ,,het hierdie vriend dalk gesê julle moet hom laat staan? Bao," knor sy agterna en stamp die jong gorilla teen sy harige skouer toe hy teen haar wil skuur soos 'n huiskat.

Nou begryp die Swart Luiperd waarom Hlabana so geaarsel het met ssy antwoord en hoekom die krygers hul wapens vaster gevat het. Hulle het geweet dat Lumu naby is en waarskynlik nooit so 'n skouspel sou wil misloop nie. Wat hom dronkslaan, is die skynbare mag wat hierdie oerwoud-Venus oor hulle, kaptein Hlabana inkluis, het.

,,Die Gees wat Wandel," sê Hlabana, ,,het so pas wyse woorde gespreek en. . ."

,Ek het gehoor," sê sy onbeskaamd, ,,en ek dink nie dis sulke wyse woorde nie, my vader. Hy. . ."

,,Kyk," en die Swart luiperd rig hom tot sy volle indrukwekkende hoogte op, ,,ek is nie gewoond dat vroumense, veral kinders, hulle stemme laat hoor waar mans beraadslaag nie. Nou vra ek nie meer nie, ek eis, Hlabana, nadat jy. . ."

,,Bao!" Lumu se stem is skerp soos 'n voorslag. ,,Vang hom," en sy wys na die Luiperdman.

,,Lumu!" Selfs Hlabana is verskrik oor sy dogter se optrede en sy volgelinge staan asof versteen toe die gorilla, sy varkogies glurende onder ruie wenkbroue uit, sy dik bolip van sy geel tande afgetrek, hom half orent rig en met lompe spronge op die Luiperdman afstorm.

Die Swart Luiperd kon die dier met 'n gifpyl daar en dan gedood het, maar hy besluit om eerder as om op hierdie wyse die oorwinning te behaal, sy lewe in gevaar te stel in 'n uiterste poging om finaal respek en eerbied vir hom af te dwing—ook by Lumu.

Hy ruk vinnig sy pylkoker met pyle en sy boog van sy lyf af, los dit op die grond langs hom en wag die aanstormende jong gorilla half gebukkend in.

,,Pak hom, Bao," skreeu Lumu weer, uitgelate soos 'n kind toe sy merk dat die Swart Luiperd sy man bly staan en die gorilla, hier vlakby hom, skyn te huiwer terwyl hy blykbaar besluit oor die beste manier om hierdie vreemde dierasie te pak en uitmekaar te skeur.

Die gorilla skiet skielik vorentoe, met sy lang harige swart arms half bak soos 'n stoeier s'n. Die Swart Luiperd trek sy spiere saam en die volgende oomblik duik hy met sy volle gewig, kop eerste vol teen die dier se halfkaal maag, terwyl hy tegelyk met sy voorarms na bo stamp om die grypende